BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

BabaGim help mamma om baba met selfvertroue te hanteer

Hanri van Niekerk

Bongi was 6 weke oud toe sy en haar mamma begin het met BabaGim. Wat my dadelik opgeval het was dat haar mamma “skrikkerig” was vir haar. Sy het byna nie aan haar geraak nie en was baie senuweeagtig as Bongi begin huil het . Met die massering het mamma baie aanmoediging nodig gehad om Bongi behoorllik te masseer en nie net te streel nie. Sy was heeltyd bang dat Bongi gaan huil of dat sy haar seer maak.

Teen week 2 was daar al ‘n verbetering en ek het aanbeveel dat ons week 2 en week 3 herhaal sodat Bongi se mamma die massering kon baasraak.

Teen die vierde week kon ek ‘n groot verskil sien. Mamma het Bongi met baie meer selfvertroue hanteer en Bongi was rustiger. BabaGim het ‘n groot verskil gemaak in mamma se band met Bongi en ek dink dat mamma ook haar baba nou baie meer geniet!

p : 011 888 5434 m : 082 301 5860 f : 086 618 9038 e : institute@babygym.co.za
53 8th Street Linden, Johannesburg, 2195 . PO Box 44389 Linden, Johannesburg, 2104
www.babygym.co.za